Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 51 | 25 November 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

"A goal without a plan is just a wish."

FINALE ASSESSERING

Die finale assesserings-vraestelle vir 2021 word môre, 26 November 2021, afgehandel. Dankie vir elke Riebie-ouer en personeellid, wat die afgelope paar maande hande geneem het om vir ons leerders 'n stewige platform te gee.

Personeel gaan die assesserings-vraestelle op 29 en 30 November 2021 met die leerders bespreek. Die skool sal steeds om 12:00 vir alle leerders sluit.

Dankie ook dat ouers, leerders en personeel opofferings gemaak het. Die einddoel is vir seker dat ons leerders volgende jaar die nodige akademiese boustene het om die volgende graad te trotseer. Ek is vandag werklik trots om te kan sê dat ons leerders gereed gaan wees vir 2022.

"Benjamin Franklin som dit goed op: By failing to prepare, you are preparing to fail."

Onthou, harde werk sal altyd beloon word en ek glo dat dit wat ingesit is, in die uitslae sal reflekteer.

Finale verslae sal as volg uitgedeel word:

07:30 tot 08:30 op **9 Desember 2021** : Graad 1, Graad 2 en Graad 7
07:30 tot 08:30 op **10 Desember 2021** : Graad 3, Graad 4, Graad 5 en Graad 6

Sien verdere reëlings in hierdie Riebie Klanke onder AKADEMIE.

VEILIGHEID VAN LEERDERS

Dit is ontstellend om die afgelope paar weke berigte in die media te lees, oor die ontvoering van leerders by skole dwarsoor die land.

Ek doen 'n beroep op ouers om reëlings te tref vir waar en wanneer u, u kind afhaal by die skool. Dit is gevaarlik en onverantwoordelik om leerders vir onbeperkte tye in die middae by die hekke te laat wag.

Wenke:

- ☆ Praat met u kinders oor vreemdelinge.
- ☆ Een van die uitdagings om 'n ouer te wees, is om u kinders te leer om versigtig te wees, sonder om hulle met vrees of angs te vul. Praat gereeld met u kinders oor veiligheid, en gee hulle die basiese beginsels oor hoe om potensieel gevaarlike situasies te vermy en te ontsnap.

Bring die volgende gereeld onder hul aandag:

- ☆ Moet nooit saam met 'n vreemdeling iewers heen gaan nie, al klink dit na pret. Roofdiere kan kinders lok met vrae soos "Kan jy my help om my verlore hondjie te vind?" of "Wil jy 'n paar oulike katjies in my kar sien?". Leer jou kinders daaraan dat mense wat hulle nie ken nie, hulle nooit moet vra om te help of dinge vir hulle te doen nie.
- ☆ Moet nooit lekkergoed of geskenke van 'n vreemdeling aanvaar nie.
- ☆ Hardloop weg en skree as iemand hulle volg of probeer om hulle in 'n motor in te dwing.
- ☆ Sê nee vir enigiemand wat probeer om hulle iets te laat doen wat jy gesê het is verkeerd, of aan hulle raak op 'n manier wat hulle ongemaklik laat voel.
- ☆ Rapporteer dit aan 'n personeellid as hulle iets verdag of buitengewoons opmerk.
- ☆ Maak seker dat u kinders hul name, adres en telefoonnommer ken, en wie om te bel in geval van 'n noodgeval.
- ☆ Maak seker jou kinders weet in wie se motors hulle mag ry en wie se motor nie. Leer hulle om weg te beweeg van enige motor wat langs hulle stop en deur 'n vreemdeling bestuur word, selfs al lyk daardie persoon verlore of verward. Leer hulle om nie saam met 'n vreemdeling te ry nie.

Ek herinner ouers dat die skool 'n Naskoolsentrum met volwasse toesig, etes en huiswerkklasse, het.

Die veiligheid van elke kind is vir ons belangrik en ek vra dat ouers ons sal ondersteun in die verband.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

U sal merk dat meeste van ons sport- en kultuur aktiwiteite aan die gang is.

Stuur asseblief u kind/ers om deel te wees hiervan: Atletiek, Rugby, en Netbal oefeninge en proewe is reeds geskeduleer. Lees asseblief die Riebie Klanke en kyk uit vir ander kommunikasie in dié verband.

ATLETIEK

Baie dankie aan ons atlete wat enduit hierdie jaar geoefen het.

Dit is uiters belangrik om gedurende die skoolvakansie fiks te bly, en dus sal die skool gedurende Desember en Januarie steeds leerders (wat nie weggaan met vakansie nie) nooi om te kom oefen. Oefentye sal gekommunikeer word.

Ek doen 'n beroep op ons leerders om gebruik te maak van hierdie geleentheid – stel vir jouself doelwitte en werk om daar te kom.

Michael Jordan het gesê: *"Fitness is not being better than someone else.... It's about being better than yourself".*

Ons sal volgende jaar ‘n Interhuis aanbied om leerders weer ‘n geleentheid te gee om deel te wees van die skoolspan.

“Productivity is never an accident. It is always the result of a commitment to excellence, intelligent planning, and focused effort.”
~Paul J. Meyer~

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

GALA-AAND UITNODIGINGS

Ons jaarlikse Gala Meriete-Erkenningsaand sal op 8 Desember 2021 plaasvind. Uitnodigings en reëlings sal in twee sessies aan leerders uitgegee word. Die eerste stel uitnodigings word op 26 November 2021 aan leerders uitgedeel. Die tweede stel uitnodigings word op 3 Desember 2021 uitgedeel. Die leerders wat by die tweede stel uitnodigings betrokke is, sal deur Graadhoofde gekontak word.

MERIETE-AANDE UITNODIGINGS

GRAAD 7 : 6 Desember 2021 by Hoogland Gemeente

Elke Graad 7-leerder word vriendelik uitgenooi en sal binnekort ‘n uitnodiging ontvang.

GRAAD 4 – GRAAD 6 : 7 Desember 2021 by Hoogland Gemeente

Die eerste stel uitnodigings word op 26 November 2021 aan leerders uitgedeel. Verder sal ouers via WhatsApp en e-pos ‘n uitnodiging ontvang sodra die punte afgehandel is.
Slegs twee ouers per leerder sal toegelaat word.

AFHAAL VAN FINALE AKADEMIESE VERSLAE

Leerders ontvang hul finale akademiese verslae soos volg:

- 09 Desember 2021 : Graad 1, Graad 2 en Graad 7 (07:30 – 08:30)
- 10 Desember 2021 : Graad 3, Graad 4, Graad 5 en Graad 6 (07:30 – 08:30)

GEEN verslae sal voor die tyd beskikbaar wees nie.

SKRIFPAKKETTE VIR GRONDSLAGFASE 2022

Baie dankie vir die flinke betalings van die skrifpakkette. Te danke aan ouers se positiewe reaksie op die reëlings wat deurgegee is, kon die bestelling afgehandel en afgelewer word.

Klasonderwyseresse trek self die boeke oor. Dus sal die skrifpakkette vir die volgende grade in Januarie 2022 gereed wees vir leerders om in te begin werk. Geen pakket word afgehaal nie.

GRAAD 1 (2022) – Huidige Graad R leerders
GRAAD 2 (2022) – Huidige Graad 1 leerders
GRAAD 3 (2022) – Huidige Graad 2 leerders

SKRYFBEHOEFTELYS VIR GRAAD 1

- Ouers ontvang die skryfbehoeftelys op 2 Desember 2021 tydens die ouer-inligtingsaand.

SKRYFBEHOEFTELYS VIR GRAAD 2 EN GRAAD 3

- Leerders ontvang die skryfbehoeftelys saam met hul finale verslae.

AFHAAL VAN SKRIFPAKKETTE VIR INTERSENFASE 2022

GRAAD 4 (2022) – Huidige Graad 3 leerders

SKRIFPAKKET

- Leerders ontvang hul skrifpakket en voorblaaie saam met hul finale verslae **by hul huidige klasonderwyseres.**
- Leerders ontvang ook ‘n skrywe wat aandui watter voorblad op watter boek geplak moet word. Leerders wie se skrifpakkette nie betaal is nie, ontvang ‘n lys van skrifte wat aangekoop moet word. Hierdie leerders ontvang ook voorblaaie vir skrifte.

SKRYFBEHOEFTELYS

- Leerders ontvang die skryfbehoeftelys saam met hul finale verslae.

HANDBOEKE

- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle handboeke by die skool moet ontvang, ontvang hul handboekpakket.
- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle self handboeke aankoop, ontvang dus nie die handboekpakket nie.

LET WEL: Soos gekommunikeer, koop ouers self die handboeke vir Tale en Wiskunde aan.

GRAAD 4 - Verpligtend om te koop		
Wiskunde	Oxford Headstart Gr. 4 Leerderboek	9780199053575
Afrikaans Huistaal Handboek	Platinum Afrikaans Huistaal Gr. 4 Leerderboek	9780636119734
English Additional Language Textbook	Solutions for all Additional Language Gr. 4 Learner’s Book	9781431009008

GRAAD 5 (2022) – Huidige Graad 4 leerders

SKRIFPAKKET

- Leerders ontvang hul skrifpakket en voorblaaie **by die saaldeur aan die voorkant van die saal**.
- Leerders ontvang ook 'n skrywe wat aandui watter voorblad op watter boek geplak moet word. Leerders wie se skrifpakkette nie betaal is nie, ontvang 'n lys van skrifte wat aangekoop moet word. Hierdie leerders ontvang ook voorblaaie vir skrifte.

SKRYFBEHOEFTELYS

- Leerders ontvang die skryfbehoeftelys saam met hul finale verslae.

HANDBOEKE

- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle handboeke by die skool moet ontvang, ontvang hul handboekpakket.
- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle self handboeke aankoop, ontvang dus nie die handboekpakket nie.

LET WEL: Soos gekommunikeer, koop ouers self die handboeke vir Tale en Wiskunde aan.

GRAAD 5 – Verpligtend om te koop		
Afrikaans Huistaal Handboek	Platinum Afrikaans Huistaal Gr. 5 Leerderboek	9780636119741
English Additional Language Textbook	Solutions for all Additional Language Gr. 5 Learner's Book	9781431009022
Wiskunde	Oxford Headstart Wiskunde Gr. 5 Leerderboek	9780199050833

GRAAD 6 (2022) – Huidige Graad 5 leerders

SKRIFPAKKET

- Leerders ontvang hul skrifpakket en voorblaaie **by die voorste saaldeur aan die laboratorium en die sluitkaste (lockers) se kant**.
- Leerders ontvang ook 'n skrywe wat aandui watter voorblad op watter boek geplak moet word. Leerders wie se skrifpakkette nie betaal is nie, ontvang 'n lys van skrifte wat aangekoop moet word. Hierdie leerders ontvang ook voorblaaie vir skrifte.

SKRYFBEHOEFTELYS

- Leerders ontvang die skryfbehoeftelys saam met hul finale verslae.

HANDBOEKE

- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle handboeke by die skool moet ontvang, ontvang hul handboekpakket.
- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle self handboeke aankoop, ontvang dus nie die handboekpakket nie.

LET WEL: Soos gekommunikeer, koop ouers self die handboeke vir Tale en Wiskunde aan.

GRAAD 6 – Verpligtend om te koop		
Afrikaans Huistaal Handboek	Platinum Afrikaanse Huistaal Gr. 6 Leerderboek	9780636119758
English Additional Language Textbook	Oxford Headstart Gr. 6 FAL Learner's book	9780199058242
Wiskunde	Oxford Headstart Gr. 6 Leerderboek	9780199052332

GRAAD 7 (2022) – Huidige Graad 6 leerders

SKRIFPAKKET

- Leerders ontvang hul skrifpakket en voorblaaie, **by die voorste saaldeur aan die parkeerarea se kant.**
- Leerders ontvang ook 'n skrywe wat aandui watter voorblad op watter boek geplak moet word. Leerders wie se skrifpakkette nie betaal is nie, ontvang 'n lys van skrifte wat aangekoop moet word. Hierdie leerders ontvang ook voorblaaie vir skrifte.

SKRYFBEHOEFTELYS

- Leerders ontvang die skryfbehoeftelys saam met hul finale verslae.

HANDBOEKE

- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle handboeke by die skool moet ontvang, ontvang hul handboekpakket.
- Leerders wie se ouers aangedui het dat hulle self handboeke aankoop, ontvang dus nie die handboekpakket nie.

LET WEL: Soos gekommunikeer, koop ouers self die handboek vir Wiskunde aan.

GRAAD 7 – Verpligtend om te koop		
Wiskunde	Kollig op Wiskunde Gr. 7 Leerderboek	9780796236517

SPORT

ATLETIEK

MIDDELAFSTANDE & NAELLOPE OEFENING sal plaasvind as volg:

Maandag, 29 November	(12:15 – 13:15)	: Graad 1 – Graad 6 leerders
Dinsdag, 30 November	(12:15 – 13:15)	: Graad 1 – Graad 6 leerders
Woensdag, 1 Desember	(08:00 – 09:00)	: Graad 1 – Graad 6 leerders
Donderdag, 2 Desember	(08:00 – 09:00)	: Graad 1 – Graad 6 leerders
Maandag, 6 Desember	(08:00 – 09:00)	: Graad 1 – Graad 6 leerders
Dinsdag, 7 Desember	(08:00 – 09:00)	: Graad 1 – Graad 6 leerders

RUGBY EN NETBAL: FIKSHEIDSOEFENING

Oefentye

*** Vir leerders wat nie by die atletiek-oefeninge betrokke is nie.**

Maandag, 29 November	(12:15 – 13:15)	: Graad 2 – Graad 6 leerders
Dinsdag, 30 November	(12:15 – 13:15)	: Graad 2 – Graad 6 leerders

RUGBY OEFENING

- **Vir alle leerders in die oefengroepe.**

Oefeninge vir spesifieke ouderdomsgroepe sal as volg plaasvind: (Huidige jaar se ouderdomme).
Oefentye sal ook op die onderskeie WhatsApp-groepe deurgegee word.

Woensdag, 1 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3) en 0/10(Gr 4)
	(11:00 – 11:45)	: 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)
Donderdag, 2 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3) en 0/10(Gr 4)
	(11:00 – 11:45)	: 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)
Maandag, 6 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3) en 0/10(Gr 4)
	(11:00 – 11:45)	: 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)
Dinsdag, 7 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3) en 0/10(Gr 4)
	(11:00 – 11:45)	: 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)

NETBAL OEFENING

- **Vir alle leerders in die oefengroepe.**

Oefeninge vir spesifieke ouderdomsgroepe sal as volg plaasvind: (Huidige jaar se ouderdomme).
Oefentye sal ook op die onderskeie WhatsApp-groepe deurgegee word.

Woensdag, 1 Desember	(12:00 – 14:00)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3)
	(11:00 – 11:45)	: 0/10(Gr 4); 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)
Donderdag, 2 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3)
	(11:00 – 11:45)	: 0/10(Gr 4); 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)
Maandag, 6 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3)
	(11:00 – 11:45)	: 0/10(Gr 4); 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)
Dinsdag, 7 Desember	(09:00 – 09:45)	: 0/8(Gr 2); 0/9(Gr 3)
	(11:00 – 11:45)	: 0/10(Gr 4); 0/11(Gr 5) en 0/12(Gr 6)

TENNIS

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 seuns en dogters)

Dinsdae en Donderdae	06:00 – 07:00

ALGEMEEN

O/11 NETBALTOER 2022 FONDSINSAMELING

Dagboek voorlopig die datum van 1 Desember 2021 vir 'n fondsinsameling wat by die skool as volg sal plaasvind:

Juniors 10:00 – 12:00
Seniors 12:00 – 14:00

Verdere inligting sal op die klas WhatsApp groepe volg.

Bring hope geld, ons beplan om die dag baie prettig te maak !!!

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

Indien leerders nie by die Riebie Rakkers Naskoolsentrum ingeskryf is nie, is ouers welkom om leerders as dagbesoekers na die toesigklas vir studie te stuur. Koste is R50.00 per dag per leerder.

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 29 NOVEMBER 2021 – 3 DESEMBER 2021

MAANDAG	BOEREWORS ROLLETJIE	VRUG & SAP
DINSDAG	MAALVLEIS & PASTA	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	VIENNA & CHIPS	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	HAMBURGERS	VRUG & SAP
VRYDAG	VETKOEK MET STROOP EN KAAS	SKYFIES / SAP & BROODJIE

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***